

## Sondag 24 November

**Skrifgedeelte: Hebreërs 10:26-31**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 10:26-27**

### **Opsetlike sonde is verwerping van die enige offer in Christus**

Vir ware Christene is dit baie duidelik dat daar slegs een waardige offer vir die sonde van die mens is, en dit is die offer van Jesus Christus aan die kruis op Golgota. Dié offer was nie sodat die mens sonder enige gevolge kan sondig nie, maar reeds omdat die mens nie die vermoë het om nie te sondig nie. Daarsonder sou dit beteken dat alle mense regverdiglik verlore sou gaan.

Die wet van God openbaar dat die mens die sonde nie mag omhels nie, maar dat dit 'n saak van worsteling moet wees vir almal wat God liefhet. Die worsteling met die sonde bring berou na vore oor die sonde. Berou beteken dat daar opregte spyt is in die hart van die sondaar omdat hy die sonde haat. Hierdie berou is nie gekoppel aan menslike moralisme nie, maar word gebore uit liefde vir God.

Sou 'n Israeliet die wet van God in die Ou-Testamentiese tyd opsetlik oortree, is hy in sekere gevalle gedood omdat hy geweet het wat hy doen en so haat teenoor God bely het. Dieselfde geld nie meer in die Nuwe Testament nie, dit word in werklikheid erger. Die Nuwe-Testamentiese gelowige ken God nie net in die wet nie, maar in sy Seun Jesus Christus, wat beteken hy weet wat die prys van ons verlossing was. As so 'n persoon, nadat hy Christus leer ken het, opsetlik sondig, oortree hy nie net die wet nie, maar minag hy die bloedvergieting van die Seun van God. Soos vers 29 dit stel, vertrap hy die Seun van God en smaad hy die Heilige Gees.

Die opsetlike sonde is nog vergeefbaar wanneer die sondaar tog uit ware berou voor die Here bekeer. As ons dus weer vasgevang is in die sonde, moet ons as ons dit besef, terugkeer. Ons behoort egter nooit opsetlik te sondig nie, maar deur gebed en toegewyde Skrifstudie moet ons worstel met dit wat teen God se wil is omdat ons Hom liefhet vir die liefde wat Hy in sy Seun aan ons bewys het.

Worstel met die sonde en haat dit sodat die offer van Christus nie 'n swaarder oordeel oor ons bring nie, maar die genade wat God daarin vir sy kinders wil gee.

*Sing: Psalm 119-1:39, 51*

*Ds. HFR Pelser (Riekert) (Vaalharts)*